# H O O F S T U K 11.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE LEERPLAN VIR DIE MIDDELBARE SKOOL (ALGEMEEN).

### 1. Die Kernprobleem van die middelbare onderwys.

'n Kykie in die leerplan-ontwikkeling vir die middelbare skool gee ons 'n nouer omlyning van die algemene stroming in die ontwikkelingsgang van die middelbare onderwys en - vir die doel van hierdie verhandeling - 'n geleidelike oorskakeling van die algemene (as historiese agtergrond) na die besondere veld wat in hierdie verhandeling gedek word. In die vorige hoofstuk is daar reeds dikwels sekere gesigspunte van die ontwikkeling van middelbare onderwys aangeraak wat terselfdertyd 'n terloopse verwysing na die kwessie van leerplan-ontwikkeling was. In die bespreking van vraagstukke soos die standaardisering van die middelbare onderwys, akademiese versus nie-akademiese middelbare onderwys, die stryd van die middelbare skool teen universitêre oorheersing, die houvasvermoë van die middelbare skool, en ander aspekte van die ontwikkeling van die middelbare onderwys wat agtereenvolgens aangetoon is, was die implikasie reeds duidelik dat die groot strominge in verband met ons middelbare onderwys nog altyd juis in die rigting van die leerplan beweeg het, sodat laasgenoemde tereg as die kernprobleem en die sentrale faktor in verband met ons middelbare onderwys beskou kan word. Ons kan ons dan geen afdoende voorstelling maak van die historiese agtergrond waarteen die kwessie van Duits-onderwys in ons land gesien moet word, alvorens die ontwikkeling van hierdie leerplantradisie na te gaan en die verbande van die vroegste tot die jongste tyd na te spoor nie.

### 2. Drie rigtings en twee strominge.

'n Nasporing van die weë waarlangs die ontwikkeling van die middelbare leerplanne gesoek moet word, bring ons by drie periodes waarin drie verskillende rigtings van ontwikkeling gesien moet word, naamlik:

(a) die periode van koppeling aan die laer onderwys tydens die Hollandse bewind, wat gekenmerk word deur 'n rondtasting om 'n vaste rigting te vind;

(b) die periode van koppeling aan die hoër onderwys in die 19de eeu, en die duidelike rigting van twee tradisionele strominge naamlik-

(i) die eksamentradisie as 'n primêre ontwikkeling tot die geskiedenis van leerplansamestelling, en

(ii) die onkeerbare stroom van die Matesis-Latyn-tradisie;

(c) die stryd om die leerplanvryheid en selfstandigwording van die middelbare skool.

Al hierdie ontwikkelings het op hul tyd hul stempel op ons middelbare skoolstelsel afgedruk en verdien ons noukeurigste aandag in verband met die geskiedenis van ons middelbare skoolleerplanne.

3. Koppeling aan die laer onderwys en 'n onvaste begin.

In die Hollandse periode waarin die middelbare onderwys as 'n aanhangsel van die laer onderwys beskou moet word[1], het daar nog geen vaste grondslag vir die middelbare leerplanne bestaan nie vanweë die gebrek aan 'n behoorlike kontrole deur 'n eksaminerende liggaam. Daar is dan in verband met hierdie periode slegs melding gemaak van "meer gevorderde onderwys"[2] wat min of meer enigiets kon behels het vanaf 'n meer uitgebreide kursus in die Hollandse taal tot die hoogs-ambisieuse voorneme van 'n sekere Voorman (waarvan Du Toit melding maak) "... om 'n Mathematisch school op te richten, waar in ook alle de daaraan grenzende wetenschappen zullen geleerd worden"[3]. Origens was die leerplan-aanduidings ewe vaag as wat die ongestandaardiseerde onderwys groter speling vir voortreflike of meer twyfelagtige

1. Sien Hoofstuk 1, 2(b).
2. Ibid.
3. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 57.

praktyke gelaat het. Daar was baie stremmende faktore waarvan die byna algehele tekort aan opgeleide onderwysers een van die vernaamste was[1], en in die praktyk het hierdie "meer gevorderde onderwys" aan die Kaap nog nie veel meer behels as 'n blote voortsetting van die werk in die gewone laerskoolvakke met 'n paar bykomstige vakke waaronder Frans 'n aansienlike rol gespeel het nie[2]. In die geval van die Latynse skool en die Franse skool van Ziegler is die name van dié skole selfverklarend wat betref die bykomstige vakke waarop die aksent geval het. Onder druk van die openbare mening en op aandrang van die Here XVll het die Raad van Skolarge in 1791 'n interessante skema ter verbetering van die skoolstelsel aan die Kaap uitgewerk waarvolgens daar 'n duideliker skeiding tussen elementêre, voorbereidende, en middelbare onderwys sou wees deurdat die elementêre skole in die toekoms as Hollandse skole bekend sou staan, die voorbereidende as Franse, en die hoërskole as Latynse skole[3]. Weens die Britse Besetting van die Kaap in 1795 het daar, egter, nie veel van hierdie hervormings tereggekom nie sodat De Mist in die onsekere periode van die Bataafse Republiek weer aan sommige laerskole die reg moes toestaan om in 'n behoefte te voorsien deur meer gevorderde werk in hul leerplanne in te sluit[4].

4. Koppeling aan hoër onderwys en die Matesis-Latyn-tradisie.

(a) In die vroeë 19de eeu is die koppeling van die middelbare aan die laer onderwys wat die Hollandse tydvak gekenmerk het, verder volgehou in die "Tot Nut"-skool tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Atheneum in 1829, waarna die Tot Nut

1. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 57.
   b. Malherbe: "Education in South Africa", 36.
   c. Sien geskiedenis van Latynse skool, Hoofstuk 1, 2(b).

2. Du Toit: Op. Cit., 57.

3. Sien Malherbe: Op. Cit., 39.

4. Sien Du Toit: Op. Cit., 56 - 57.

nog sy rol gespeel het as voorbereidende skool vir dié kollege[1]. In Hoofstuk 1 is reeds melding gemaak van 'n belangrike ontwikkeling sedert die stigting van die eerste kollege in 1829 wat hier as sinoniem met die leerplanontwikkeling bestempel moet word: die geleidelike losmaking van die laer en die middelbare onderwys deur die kombinasie van die hoër en die middelbare onderwys in die periode van die kollegeskole. Hierdie ontwikkeling geld veral die opkoms van die tradisionele akademiese vakke in die leerplan en die groter standaardisasie wat die ontwikkelende eksamentradisie meegebring het.

(b) Aan die middelbare leerplanne is daar 'n baie lang tradisie verbonde wat die skrywer hier graag as die "Matesis-Latyntradisie" sou bestempel, omdat dit van belang is om daarop te let dat hierdie betrokke vakke vir 'n baie lang tyd ons middelbare leerplanne oorheers het, terwyl hul aanverwante vakke, Rekenkunde en Grieks, ewe-eens 'n groot rol in die vroegste leerplanne gespeel het. Die Latyn-tradisie was al sedert die vroegste tye so 'n oorheersende faktor dat die middelbare onderwys in 'n sekere sin selfs as sinoniem met Latyn-onderwys beskou is, soos onder meer bevestig word deur die feit dat die eerste middelbare skool in die land reeds bekend gestaan het as die Latynse skool en dat die reeds genoemde skema van die Raad van Skolarge in 1791 die hoërskole as Latynse skole sou aandui. 'n Vergelyking van die vakke wat daar doseer is in die S.A. Kollege en die Engelse skole van die Kaap sedert 1839[2], die Natalse hoërskole[3], die Grey-kollege in Bloemfontein[4] en die Pretoriase

1. Sien Hoofstuk 1, 2(b).

2. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 77.
   b. Malherbe: "Education in South Africa", 79.

3. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal", 101 - 102, 140.

4. Malherbe: Op. Cit. 361.

Gimnasium[1], toon die volgende rigtings van ontwikkeling aan:

(i) Behalwe sekere meer gevorderde vakke soos logika, sielkunde en gevorderde wetenskappe in die Senior Afdelings, vind ons die volgende vakke in al hierdie inrigtings: Engels, Latyn, Grieks, matesis en Frans, plus een of meer wetenskaplike vakke, aardrykskunde en/of geskiedenis, en rekenkunde in die Kaap en Natal.

(ii) Die Transvaalse stelsel bring ons die naaste aan die ideaal van die Hollandse Gimnasium met sy voorsiening vir die onderwys van ses tale: Hollands, Engels, Latyn, Grieks, Frans en Duits. In Hoofstuk 1, 2(c) is daar reeds melding gemaak van die belangrike plek wat Hollands in die leerplanne van die twee Boererepublieke ingeneem het. Daarenteen was daar geen voorsiening gemaak vir Hollands in die leerplan van die Engelse hoërskole in Natal nie, terwyl dit in die Kaap 'n opsionele vak was soos verder hieronder blyk.

(c) In 1873 het die ou Kaapse Universiteit die "School Higher" en matrikulasie-eksamens ingestel, wat mettertyd so 'n groot aanhang in ons middelbare skoolstelsel gekry het, dat hierdie universiteit in die begin van die huidige eeu die enigste eksaminerende liggaam in Suid-Afrika geword het[2]. Die Kaapse matrikulasie-eksamen het min of meer die model van die Londense Universiteit nagevolg, en uit die ou Kaapse leerplanne van die vorige en die begin van die huidige eeu blyk dit dat ongeveer die helfte van die punte in die matrikulasie-eksamen aan Matesis (algebra en meetkunde), Latyn en Grieks toegeken is ('n totaal van 1150 uit 2300 punte), met 'n verdere 250 punte vir rekenkunde, soos die volgende ontleding van een van hierdie vroeë leerplanne aantoon[3]:

1. a. Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", bl. 220, 222.
   b. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 50.
2. Sien Hoofstuk 1, 3(c).
3. "The Cape of Good Hope University Calender, 1895-1896", Lii en LVii.

In 1895 is die volgende 9 vakke vereis:

| | |
|---|---|
| Die Engelse Taal en sy geskiedenis | (300 punte); |
| Latyn | (300 " ); |
| Grieks | (300 " ); |
| Meetkunde | (300 " ); |
| Algebra | (250 " ); |
| Rekenkunde | (250 " ); |
| 'n Wetenskap (een van die volgende: Anorganiese Gemie, Natuurlike Filosofie, Botanie, Dierlike Fisiologie en Soölogie | (250 punte); |
| 'n Moderne Taal (Hollands, Frans, Duits, of 'n Bantoetaal) | (200 " ); |
| Die Engelse Geskiedenis | (150 " ). |

Daarby was 'n genoegsame kennis in die volgende ses vakke 'n verdere vereiste om te slaag, wat nog 'n groter oorheersing van die Matesis-Latyn-tradisie in die hand gewerk het: Engels, Latyn, meetkunde, algebra, rekenkunde en 'n moderne taal.

In die noordelike republieke wat hul eie eksamens in die vorige eeu gehad het, en Natal wat die eksamens van die universiteit van Cambridge geskryf het[1], is hierdie Matesis-Latyn-tradisie ook bestendig blykens voorgaande paragraaf, en die enkele afwykings wat soms voorgekom het waaronder veral genoem moet word die erkenning van die meer praktiese vakke soos boekhou, musiek, huishoudkunde en handewerk in die hoërskole vir dogters in die noorde[2], moet hier as die uitsonderings op die reël beskou en as sodanig slegs terloops genoem word.

Tot 1917 is daar geringe wysigings aangebring in hierdie Kaapse leerplanne. 'n Belangrike verandering in hierdie tyd was die instelling van Hollands A as keusevak teenoor Engels A, en die bepaling dat die eksamens van die ou Kaapse Universiteit vanaf 1913 in enigeen van die twee landstale (Hollands of Engels) afgelê kon word, waar dit vroeër net in Engels afgeneem is[3]. Aan die Matesis-Latyn-tradisie is daar egter wanhopig vasgehou totdat die pligte van eksaminering in 1918 deur die G.M.R. oorgeneem is, sodat die matrikulasie-vereistes van die

1. a. Sien Hoofstuk 1, 3(c);
   b. Malherbe: "Education in South Africa", 272;
   c. Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", 171 - 172.
2. a. Ibid. 223 - 4.
   b. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal", 140.
3. University of the Cape of Good Hope Calender, 1912-1913, bl. 58 - 59.

ou Kaapse universiteit in 1916 nog bepaal het dat kandidate in die volgende ses vakke moes slaag[1]:

| | | |
|---|---|---|
| Engels A of Hollands A | (400 punte); | |
| Matesis.... | (500 " ); | |
| Latyn...... | (350 " ); | |
| Grieks..... | (350 " ) | of Geskiedenis; |
| 'n Wetenskap...... | (300 " ) | - Fisika, Gemie, Skeinat, Plantkunde, of Dierkunde; |
| 'n Moderne Taal... | (300 " ) | - Engels B, Hollands B, Frans, Duits, Portugees, Hebreeus, of 'n Bantoe-taal. |

Dit was dan eers met die oorname van die G.M.R. dat daar vir die eerste keer gedeeltelik afstand gedoen is van hierdie tradisie en 'n groter mate van rekbaarheid aan die leerplan verleen is deurdat slegs een A-taal en Matesis verpligtend sou wees, en Latyn 'n gewone keusevak sou word teenoor byvoorbeeld Frans of Duits[2].

(d) Ten spyte van die feit dat die matrikulasieleerplan 'n baie groot rol gespeel het in verband met die standaardisering van ons middelbare onderwys[3], was die leerplan-aanduidings vir die meeste vakke tot die einde van die 19de eeu nog betreklik vaag, en die skole moes maar hul eie weg vind en toesien dat hul aan die onsekere eksamenvereistes voldoen[4]. Namate die eksamentradisie egter meer gevestig geraak het, is daar vir al die vakke 'n begin gemaak met die opstel van deurlopende leerplanne vanaf die laerskool tot standerd X, waardeur die middelbare onderwys op 'n vaster grondslag geplaas is, terwyl alles vroeër aan die inisiatief van die onderwysers oorgelaat is. Die Kaap wat hier die voortou geneem het tydens die Superintendentskap van Dr. Thomas Muir, het in 1899 die eerste aaneengeslote leerplan in

1. University of the Cape of Good Hope Calender, 1916-1917, bl. 70-72.

2. Joint Matriculation Board, Matriculation Examination, 1918-1920 (bl. 4).

3. Sien Hoofstuk 1.3.

4. a. Sien uitgawes van "The Cape of Good Hope University Calender" voor 1900.
   b. Sien Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 117.

Suid-Afrika uitgegee[1]. Wat die ander provinsies betref, moet in hierdie verband veral genoem word die "Monograph on Preparatory and Secondary Schools - The Development of the Curriculum" in Natal in 1913, en die volledig-deurlopende leerplanne van die Transvaal soos vervat in die "Leergangen voor de vernaamste vakken onderwezen op de lagere school en voor de vernaamste middelbare leervakken, alsmede de biezondere leergangen voor handselvakken en huishoudkunde". Dis egter van belang om daarop te let dat hierdie pogings later eers uit die reeds gevestigde eksamentradisie gegroei het, dit wil sê die leerplan is opgestel om aan die eksamenvereistes te voldoen, en die geskiedenis van die leerplansamestelling vir die verskillende middelbare skoolvakke moet as 'n sekondêre ontwikkeling tot die gevestigde eksamentradisie beskou word.

Daar is ook sekere eksamens ingestel wat as voorbereiding vir die Kaapse matrikulasie moes dien. In die Kaap was daar die Skoolhoër-eksamen op die St. VIII-trap wat sedert 1910 bekend staan as die Juniorsertifikaat-eksamen[2], terwyl die Vrystaat reeds sedert 1880 sy eie eksamens in Letterkunde en Wetenskap gehad het as voorbereiding vir die Kaapse matrikulasie[3]; en dis te begrype dat die aksent in albei gevalle ook sterk op Latyn en Matesis sou geval het. 'n Belangrike afwyking wat hier nadere vermelding verdien, is die Transvaalse Skoolsertifikaat-eksamen op die Vorm IV-trap in plek van die Juniorsertifikaat-eksamen op die Vorm III-trap. Hierdie eksamen[4] wat reeds in 1903 ingestel is en vaster vorm gekry het met die regulasies van 1909, was verpligtend vir alle leerlinge en het Latyn as 'n gewone keusevak ingesluit omdat die leerlinge aan die end van Vorm V tussen een van die

1. Jaarverslag van die Kaapse S.G.O., 1899, bl. 15.

2. The Cape of Good Hope University Calender 1910-1911, bl. 356.

3. Sien Malherbe: "Education in South Africa", 369 (voetnoot).

4. a. Transvaal Education Department, Report, 1903, (bl.6).
b. Vergelyk Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 107, 114.

volgende eksamens kon kies:

(i) die Kaapse Matrikulasie-eksamen;

(ii) die toelatingseksamen van die Transvaalse Universiteitskollege wat in 1906 gestig is;

(iii) die algemene deel van die Transvaalse derdeklas onderwysersertifikaat-eksamen;

(iv) die nuwe Seniorsertifikaat-eksamen van die Kaapse Universiteit.

Laasgenoemde eksamen, die "University Senior Certificate for Schools", is in 1910 ingestel en het 'n groot aantal nie-matrikulasievakke soos boekhou en handelsrekenkunde, musiek, teken, landbou en Engelse of Hollandse letterkunde toegelaat[1]. Latyn en matesis was gewone keusevakke vir hierdie sertifikaat, sodat dit nou vir die eerste keer moontlik was om byvoorbeeld Engels, Hollands, geskiedenis en 'n moderne taal plus enige twee ander vakke te neem. Die sertifikaat was egter nie baie pupulêr nie en as minderwaardig beskou, omdat dit nie vrystelling van matrikulasie verleen het nie. Vir die algemene publiek het die matrikulasie-sertifikaat met Latyn en matesis nog as die enigste bewys van 'n goeie skoolopvoeding gegeld, en daarom het die meeste pogings tot afwyking van die matrikulasie-tradisie ook teen die rigting waarin die algemene gety beweeg het, gegaan.

### 5. Die basis van al ons leerplanne, en die stryd om die leerplanvryheid en selfstandigwording van die middelbare skool.

(a) Weens die geweldige houvas wat die matrikulasie-tradisie op ons skole gekry het, is die voorgeskrewe vereistes vir die matrikulasie-eksamen reeds as die oorsprong en die basis van al ons middelbare skoolleerplanne bestempel[2]. Dit geld in die eerste plek die koppeling aan die sogenaamde matrikulasievakke;

1. The Cape of Good Hope University Calender, 1910-1911, bl. 345-347.

2. a. Gie: "Ons Middelbare Skoolleerplanne"..... in "Tydskrif vir Middelbare Onderwys", Aug. 1932, bl. 15.
   b. Sien ook: Transvaal Education Department, Report, 1903 (bl. 6).

maar ewe belangrik ook is die feit dat die kwessie van leerplan-ontwikkeling geen vrye gang kon neem in die rigting van die behoeftes van die leerlinge nie, omdat dit steeds rekening moes hou met onbuigbare eksamenvereistes en 'n vasgewortelde eksamentradisie wat die leerplanvryheid ingekort het, sodat die eksamenstelsel 'n allesoorheersende faktor by die leerplan geword het. Die stryd om die leerplanvryheid sou gevolglik twee belangrike aanknopingspunte moes vind: 'n groter wegbreking van die tradisionele matrikulasievakke, en 'n mindere mate van druk onder 'n eksterne eksamentradisie. In Hoofstuk 1. 3 (b) het dit reeds geblyk dat hierdie stryd al heel vroeg deur die opvoedkundige wêreld erken en aangeknoop is ten einde 'n duideliker skeiding in die eerstydse dubbele funksie van Matriek as toelatingskwalifikasie tot die universiteit en as lewenskwalifikasie vir die Skooleinder te bring; want met die steeds groeiende aanvraag vir middelbare onderwys het die Skooleinder nie net meer die geleerde beroepe nagejaag nie, maar 'n groter voorberoepskundige, algemene onderwys verlang alvorens uit te skuif na die verskillende sfere van die praktiese lewe (staatsdiens, openbare dienste, administratiewe en klerikale werk, handel en nywerhede, en so meer), sodat 'n groter mate van leerplanvryheid en losmaking van die onbuigsame matrikulasie-vereistes noodsaaklik geword het. Met die erkenning van die geweldige houvas van die matrikulasie-tradisie en die feit dat die "University Senior Certificate for Schools" vanweë hierdie tradisie nie juis 'n sukses geblyk het nie, sou daar egter na 'n sertifikaat gestreef moes word wat enersyds groter leerplanvryheid in die hand sou werk en terselfdertyd as gelykwaardig met matrikulasie aanvaar sou word, sodat dit in die algemene gang van die lewe sou kon deurgaan vir "matriek".
Om hierdie twee botsende ideale nader aan mekaar te bring, sou daar van albei kante toegewings gedoen moes word. Hoewel matesis tot 1931 nog 'n verpligte vak vir die matrikulasie-eksamen was, was die feit dat Latyn 'n gewone keusevak vir die eksamens van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad geword het, 'n belangrike voorwaartse stap ten opsigte van groter rekbaarheid in die matri-

kulasie-vereistes, wat veral toegeskryf moet word aan die invloed wat die verteenwoordigers van die onderwysdepartemente en die skole op hierdie Raad gehad het. Met hierdie stap is een van die twee groot struikelblokke vir 'n vryer leerplan wat terselfdertyd ook matrikulasie-vrystelling sou verleen, uit die weg geruim, en die fondament gelê vir die instelling van die departementele Skooleindeksamens[1] waarby die G.M.R. ook nie-matrikulasievakke vir vrystellingsdoeleindes sou erken, mits daar aan sekere voorwaardes voldoen is soos die handhawing van sekere vereiste vakkombinasies insluitende matesis (tot 1931) en 'n erkende wetenskap, en die kontrole van die G.M.R. oor die eksamens wat deur die verskillende departemente afgeneem en beheer sou word. Namate daar meer druk op die Raad uitgeoefen is, het die matrikulasie-vereistes mettertyd ook al hoe meer rekbaarheid verleen, waaronder veral die volgende genoem kan word:

(i) Sedert 1931 sou die oorheersing van die Matesis-departement van die Universiteite oor die werk van die middelbare skool beëindig word, en is daar 'n keuse tussen matesis en 'n derde taal (klassiek of modern) gestel as minimum vereiste vir matrikulasie, 'n vereiste wat tot vandag toe nog gehandhaaf word.[2]

(ii) 'n Groot aantal van die vroeëre nie-matrikulasievakke is gaandeweg in die steeds groeiende lys van goedgekeurde vakke ingesluit, waaronder landbou, huishoudkunde, meganika, boekhou en handelsrekenkunde, kuns en musiek.

(b) Volgens die huidige Matrikulasie-vereistes[3] sal die matrikulasie-vrystelling aan alle kandidate verleen word wat aan die vereistes vir 'n erkende Skooleind- (Senior-) sertifikaat voldoen het, en daarby by dieselfde eksamen -

(i) minstens 40% in elkeen van 4 vakke behaal, wat as volg gekies moet word:

---

1. Sien Hoofstuk 1, 8 (a) en (b).

2. Vergelyk Handboeke vir die Matrikulasie-eksamen, 1930 (bl. 4) en 1931 (bl. 4).

3. Ibid., 1949, bl. 21 - 23.

een van die amptelike tale op die hoër graad;
die 2de amptelike taal (hoër of laer graad), of Latyn of Grieks, of Duits, of Frans, of 'n Bantoetaal;
'n erkende wetenskaplike vak of matesis;
'n derde taal uit bogenoemde groep (nie reeds geneem nie), of matesis (indien nie reeds geneem nie), of Hebreeus, of geskiedenis, of aardrykskunde;

(ii) slaagpunte (33⅓%) behaal het in 'n 5de vak uit 'n lang lys van erkende matrikulasievakke, wat egter die volgende vakke **uitsluit**: Letterkunde en die **meer** praktiese en beroepskundige vakke soos naaldwerk, snelskrif, houtwerk (Afrikaans en Engels), Tikskrif, of die volgende halwe-vak-kombinasie: Boekhou-Tikskrif en Handelsrekenkunde-Tikskrif;

(iii) 'n vereiste 6de Skooleindsertifikaat-vak in hul kursus ingesluit het; en verder -

(iv) mits die vakke op sodanige wyse gekies is dat matesis of 'n derde taal en hoogstens 4 tale in die kursus ingesluit sal wees.

Die leerplanbeperkings van die matrikulasie-vereistes moet gesien word as 'n waarborg dat die middelbare onderwys nie na 'n suiwer eensydig-beroepskundige rigting sal oorhel nie, en dat die akademiese kleur van die leerplan gehandhaaf sal word deur die vereiste van minstens vier akademiese vakke waaronder 'n derde taal en/of matesis. Dit beoog tewens 'n meersydigheid van kontakte in 'n paar van die volgende rigtings: literêr-taalkundige, wiskundig-rekenkundige, wetenskaplik-natuurkundige, en kontakte met die menslike samelewing in die vorm van die sogenaamde "Sosiale Studies". Sonder om op hierdie stadium 'n kritiese standpunt in te neem teënoor die metode van leerplansamestelling waardeur daar gestreef word om hierdie doel te bereik, moet daar in die volgende paragrawe gelet word op die invloed wat die Matrikulasieleerplan op die verskillende Skooleindleerplanne gehad het.

(c) Met die oog op matrikulasie-vrystelling vir sommige van hul Skooleindsertifikate het die verskillende onderwysdepartemente hierdie sesvak-basis van die Matrikulasieleerplan as uitgangspunt vir hul Skooleindleerplanne aanvaar, hoewel daar in die leerplan

self veel groter vryhede toegestaan is soos blyk uit die volgende vergelykende opsomming van die huidige Skooleindvereistes blykens die jongste uitgawes van die Handboeke en Leerplanne[1]:

(i) Al die Skooleindeksamens vereis een van die offisiële tale op die hoër graad, hoewel 'n Bantoetaal hier ook toelaatbaar is vir die Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-onderwysdepartement.

Vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool en die Unie-onderwysdepartement se Nasionale Seniorsertifikaat is daar geen verdere leerplanbeperking nie, en leerlinge mag verder enige 5 vakke uit 'n baie lang lys kies, mits nie meer as drie (vir Nasionale Seniorsertifikaat) of vier tale ingesluit word nie, en daar vir die Nasionale S.S. hoogstens 2 wetenskaplike en hoogstens 4 handelsvakke geneem sal word. Vir die Vrystaatse Skooleind, die Kaapse Seniorsertifikaat, en die Natalse Seniorsertifikaat-eksamen van die G.M.R. moet daar verder aan die onderstaande vereistes voldoen word.

(ii) Die O.V.S. vereis die tweede offisiële taal (A- of B-graad) as tweede verpligte vak; in die Kaapprovinsie is dit 'n tweede moderne taal wat in en na 1950 ook die 2de offisiële taal moet wees, met dié uitsondering dat Naturelleleerlinge hier 'n Bantoetaal mag aanbied; in Natal word een van die volgende vakke vereis: enige tweede taal (insluitende die klassieke tale), matesis, geskiedenis, of aardrykskunde.

(iii) Die Vrystaat, Kaapprovinsie en Natal vereis 'n natuurwetenskaplike vak, hoewel leerlinge in laasgenoemde provinsie hier ook 'n keuse het om matesis aan te bied indien dit nie onder ii. geneem is nie.

---

1. a. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop: "Leerplan vir die Middelbare Skool. Handboek vir Junior en Senior Sertifikaat 1948" bl. 41 - 42.
   b. Transvaalse Onderwysdepartement: "Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool". Handboek, 1949" bl. 4 - 8.
   c. Onderwysdepartement, O.V.S.: "Skooleindsertifikaat. Leerplanne en Regulasies 1947" bl. 6 - 9.
   d. Union of South Africa, Union Department of Education: "Handbook of National Courses of Study, Syllabuses and Examinations, 1948", bl. 36 - 38.
   e. Skooleind van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad: "Handboek vir die Matrikulasie-eksamen, 1949" bl.19-21.

(iv) In Natal word die leerlinge ook by die 4de en 5de vakke tot die lys matrikulasievakke beperk[1] waarby daar nog een of twee opsionele vakke gevoeg kan word; in die K.P. en die O.V.S. kan die 4de, 5de en 6de vakke (in die O.V.S. ook die 7de opsionele vak) uit 'n lang lys van goedgekeurde matrikulasie- en nie-matrikulasievakke gekies word sonder enige verdere beperkings.

Uit bostaande feite blyk dan, dat die grootste leerplanvryheid in die leerplanne vir die Transvaalse Eindsertifikaat en die Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-Onderwysdepartement gevind word waarvoor daar slegs een verpligte vak vereis word met 'n meer onbeperkte keuse van vakke daarna. Afgesien van die veel groter leerplanvryheid, is die vereistes om te slaag vir niematrikulasie-vrystellingsdoeleindes ook baie minder onbuigsaam in al hierdie Skooleind- en Seniorsertifikaat-eksamens as in die matrikulasie-eksamen; in die K.P., die O.V.S., en Natal moet die slaagpunt van 33⅓% in minstens 5 vakke behaal word, en 'n 40% groottotaal op die sesvak-basis; in Transvaal word die 40%-groottotaal op die vakke waarin slaagpunte behaal is, bereken; vir die Nasionale Seniorsertifikaat waarvoor die vak-vir-vak-eksamenmetode erken word, moet 40 persent behaal word in elkeen van die ses vakke[2].

(d) Met hierdie ontwikkeling in die rigting van Skooleindleerplanne wat groter rekbaarheid aan die middelbare skoolkursus verleen, het ook gepaard gegaan die neiging om aansienlik te differensieer binne die perke van die leerplanvryhede wat daar aan hierdie kursusse verleen is. Met die sesvak-basis as 'n baie sterk beperkende faktor, het die differensiasie tot dusver uit 'n leerplan met keusevakke, halwe vakke, en A- en B-kursusse in die offisiële tale bestaan. Die neiging tot veralgemening van die kursus word veral sterker op die St. VIII-trap deurgevoer, soos

1. Sien a. ii en b. ii hierbo.

2. Sien vorige bewysplase vir jongste leerplanne (bl. 52).

blyk uit die volgende[1]:

(i) Die O.V.S. vereis hier 7 of 8 vakke, insluitende 'n algemene (gekombineerde) kursus in Geskiedenis-Aardrykskunde.

(ii) Die grootste moontlikhede vir differensiasie in hierdie kursus vind ons in die Kaapprovinsie, waar die leerplan onder andere 'n groot aantal vakke op die byvak-basis insluit waaruit daar tot 'n maksimum van die vereiste 6 hoofvakke gekies kan word. Twee byvakke staan hier gelyk aan een hoofvak, en sommige vakke soos landbou, geskiedenis, aardrykskunde, naaldwerk, houtwerk, en kuns kan óf as hoof- óf as byvak geneem word. Verder is daar 'n verpligte keuse tussen "Algemene Wetenskap" of twee uit die volgende drie wetenskappe as halwe vakke: biologie; gesondheidsleer en fisiologie; natuur- en skeikunde.

(iii) In die Transvaalse Juniorsertifikaat-leerplan vind ons ewe-eens die kursus in Algemene Wetenskap ter vervanging van al die ander wetenskaplike vakke behalwe Landbou en Gesondheidsleer, asook die kombinasie Geskiedenis-Aardrykskunde soos in die Vrystaat.

'n Interessante ontwikkeling op die Juniorsertifikaat-trap is die Transvaalse Skoolplase en Juniorhoërskole waarna reeds verwys is in Hoofstuk 1. 7(b) en (c). Die Juniorhoërskole bied vier verskillende kursusse aan te wete Akademiese (soos vir die gewone hoërskole), Klerklik en Handels-, Tegniese, en Algemene en Huishoudkundige kursusse, en 'n vergelyking van die leerplanne vir laasgenoemde drie kursusse toon die breë grondslag vir leerplansamestelling aan[2]:

| | Klerklik en Handels. | Tegnies. | Algemeen en Huishoudkundig. |
|---|---|---|---|
| Tale .......... | Afrikaans............. | Afrik......... | Afrik. |
| | Engels............... | Engels....... | Engels. |

1. a. Departement van Onderwys, O.V.S. Provinsie: "Juniorsertifikaat-eksamen. Handboek 1947". bl. 8 - 9.
   b. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop: "Leerplan vir die Middelbare skool. Handboek vir Junior en Senior Sertifikaat 1948". bl. 4 - 6.
   c. Transvaalse Onderwysdepartement: "Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen. Handboek 1947". bl. 4.

2. Sien "Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" (De Villiers-verslag), bl. 17. (N.B. Metode van groepering deur die skrywer gewysig).

| | Klerklik en Handels. | Tegnies. | Algemeen en Huishoudkundig. |
|---|---|---|---|
| Wetenskappe | Algemeen wetenskap | Alg. Wet. | Alg. Wet |
| | Biologie | ---------- | Biologie. |
| Algemeen | Liggaamsopvoeding | Lig. Opv. | Lig. Opv. |
| | Sang en musiek | Sang en Musiek | Sang en Mus. |
| | Geskiedenis | Gesk. of Kuns | Geskiedenis. |
| | | | Kuns. |
| | | | Aardrykskunde. |
| | | | Algemene kennis. |
| Beroepskundig | Besigheidsmetodes | Tegn. Tekene. | |
| | Handelsrekene | Wiskunde | Handelsrek. |
| | Boekhou | Ambagsteorie | Huishoudkunde |
| | Snel- en Tikskrif | Aardrykskunde of Prakt. Meetk. | Moederkunde. |
| Prakties | Handwerkopleiding *of* Huishoudkunde *of* Handelsaardrykskunde | Handwerkopl. | Handwerkopl. |
| | Tuisverpleging | Noodhulp | Noodhulp |
| | | | Tuisverpleging |
| | | | Tuinbou. |

Ook op die Seniorsertifikaat-trap is daar etlike pogings tot differensiasie by wyse van gewysigde kursusse wat as 'n teenwig vir universitêre oorheersing in ons middelbare skole gesien moet word. Die Anna Scheepers-landbouhuishoudskool op Tweespruit (O.V.S.) bied die volgende praktiese kursusse aan vir verstandelik-goedtoegeruste dogters[1]: die twee landstale, biologie, spesiale huishoudkunde, spesiale naaldwerk, en sosiale landboukunde, tesame met die gebruiklike nie-eksamenvakke (liggaamsoefening, sang, en godsdiensonderrig). In die Hoër Meisieskool Oranje te Bloemfontein word 'n baie praktiese kursus in Moederkunde gegee, terwyl die hoërskole van Seodin en Kakamas 'n praktiese kursus in Landbou op die "selfboerstelsel" aanbied. Dan is daar ook nog die 8 departementele Landbouskole wat met geringe afwykings[2]

1. Onderwysdepartement van die O.V.S.: "Skooleindsertifikaat. Leerplanne en Regulasies. 1947", bl. 8 - 9.

2. a. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, par. 746 en 747.
   b. Onderwysdepartement O.V.S.: "Skooleindsertifikaat, Leerplanne en Regulasies, 1947", bl. 8.

min of meer die volgende 6 vakke aanbied: die 2 amptelike tale waarvan een op die hoër graad, Algemene wetenskap met 'n sterk landboustrekking, Landbou-ekonomie, (insluitende vakke soos Boekhou, Rekenkunde, Plaasbestuur, Bemarking ens.), Landbou-teorie, en Landbou-praktyk.

In die gewone middelbare skole van die provinsies is die geweldige opkoms van die beroepsvakke een van die jongste ontwikkelings wat besig is om sy stempel op ons middelbare onderwys af te druk. In die 1939-verslag van die Vrystaatse Onderwysdepartement word daar spesiaal melding gemaak van die feit dat die aantal kandidate wat hul by die Juniorsertifikaat-eksamen vir die tegniese vakke aangemeld het, van 31 tot 52 persent gestyg het in die provinsie vir die jare 1933 - 1939, wat veral aan 'n groter aanvraag vir dié vakke wat die leerlinge aan 'n broodwinning kan help, toegeskryf word[1], terwyl die De Villiers-verslag in sake Tegniese en Beroepsonderwys die volgende syfers aangee in verband met die toename van die aantal kandidate vir die beroepsvakke in die Kaapse Seniorsertifikaat-eksamen oor die 10 jaar vanaf 1936 tot 1946[2]:

| | |
|---|---|
| Boekhou en Handelsrekene | 107%; |
| Snel- en Tikskrif....... | 465%; |
| Hout- en Metaalwerk..... | 223%; |
| Huishoudkunde........... | 154%; |
| Naaldwerk............... | 49% |

Volgens hierdie verslag was daar in 1946 waarskynlik tussen 35000 en 40000 leerlinge wat een of meer handelsvakke in die provinsiale skole geneem het; en 'n baie interessante bevinding van die kommissie was onder meer, dat die handelskursusse in laasgenoemde skole nie suiwer beroepskursusse is nie, maar slegs 'n strekking in die handelsrigting het sodat dit 'n gedeelte van die leerling se algemene onderwys moet vorm, hoewel dit hom 'n insig en waardering van besigheidsberoepe sal gee op grond waar-

1. Departement van Onderwys, O.V.S.: "Rapport vir die Jaar geëindig 31 Desember 1939". (bl. 82).

2. De Villiers-verslag, par. 101.

van hy by skoolverlating maklik na 'n handelsrigting sal kan oorskakel[1].

Uit hierdie feite blyk dus duidelik, dat daar sedert die totstandkoming van die leerkursusse onder beheer van die provinsiale onderwysdepartemente reeds 'n mate van vooruitgang gemaak is wat betref die groter differensiasie en vryheid van die leerplan en meer doeltreffende aanpassing aan die behoeftes van die steeds groter getalle leerlinge, wat jaar na jaar die middelbare skool besoek.

(e) Ten spyte van die groter rekbaarheid van die Skooleind- en Seniorsertifikaat-leerplanne ten opsigte van vakkeuse en die gevolglike opkoms van die sogenaamde beroepsvakke binne die raamwerk van hierdie kursusse, is dit op hierdie stadium van belang om daarop te let, dat hierdie ontwikkeling in die rigting van departementele eksamens tog nie die verwagte uitwerking gehad en daardie mate van losmaking van universitêre oorheersing verseker het waarop dit bereken was nie, omdat daar nog steeds rekening gehou moes word met die matrikulasie-vrystellingsvereistes. Daarom het laasgenoemde nog altyd die uitgangspunt van ons departementele leerplanne gebly. Dit is veral die geval in die groot aantal kleinere hoërskole op die platteland waarin die leerlinge - ten spyte van die groot aantal vakke waaruit daar gekies kon word - meesal tot 'n paar vakke beperk word wat terselfdertyd vrystelling van matrikulasie sal verleen, sodat daar 'n baie groot onderskeid bestaan tussen die groot moontlikhede van differensiasie soos dit in die leerplan verskyn, en die wyse waarop dit in die skole deurgevoer word. Die volgende syfers wat op aanvraag deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing verstrek is, toon dan ook dat 'n heel geringe aantal leerlinge van die matrikulasie-vereistes afwyk:

1. De Villiers-verslag, par. 915-921. [illegible]

| Jaar. | Geslaagdes, St. X-eksamens. | Geslaagdes sonder matrikulasie-vrystelling. |
|---|---|---|
| 1940 | 7872 | 353 |
| 1941 | 8034 | 351 |
| 1942 | 7777 | 540 |
| 1943 | 8016 | 555 |
| 1944 | 8616 | 597 |
| 1945 | 8976 | 697 |
| 1946 | 9089 | 522 |

Hoewel 'n mens hier sou kon opmerk dat daar geen beswaar teen die matrikulasievakke as sodanig in te bring is nie, het daar reeds vir 'n baie lang tyd stemme opgegaan teen die enge basis van die sesvak-stelsel op die diktaat van die matrikulasie-oorheersing waarby daar tewens so 'n hoë standaard vereis word, dat die moontlikheid van verdere aandag aan vakke van 'n meer estetiese en algemeen-kulturele aard asook die inisiatief van die skole in verband met die leerplan, daarmee heen is[1]. Hierdie sesvak-basis geld dan ook min of meer al ons Skooleindleerplanne, selfs dié van die gewysigde Seniorsertifikaat-kursusse genoem onder paragraaf (d) hierbo. Ten spyte van die erkenning van die Skoolrekord beweeg die praktyke ook nog steeds in die skaduwee van die eksterne eksamen. Daarom het die Skooleindeksamen nog altyd 'n soort "Matriek-eksamen" gebly, met dieselfde akademiese leerstof en eksamenvraestelle in die verskillende vakke as vir die matrikulasie-vrystellingsdoeleindes.

In 1930 kon Dr. W. de V. Malan, bekende S.G.O. van Kaapland, reeds daarop wys dat die tradisionele akademiese leerstof wat miskien nie misplaas mag wees vir 'n kursus wat na voortgesette studies aan 'n hoër onderwysinrigting lei nie, beslis sy bruikbaarheidstermyn oorleef het as 'n algemene voorbereiding vir

1. Sien onder meer -
   a. Provinsie O.V.S.: "Report of the Education Inquiry Comm. 1926", 25.
   b. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa", 30.
   c. Gie: "Ons Middelbare Skoolleerplanne" ... in "Tydskrif vir Middelbare Onderwys", Aug. 1932, bl. 15-23.
   d. Departement van Onderwys, O.V.S.: "Rapport vir die Jare 1933 en 1934" bl. 6.

die nie-professionele sy van die lewe[1]. In 1945 maak die Vrystaatse Direkteur van Onderwys weer melding van twee groot teëstellings in die opvattings aangaande die middelbare onderwys, naamlik die "... oordrewe utilitariese uitkyk, wat mag lei tot die afrigting van techniciens teenoor die opvoeding tot burger", en ".... die ou pedanties intellektualistiese standpunt" of ".... die intellektualisties-teoretiese neigings van ons middelbare onderwys", ten opsigte van welke laasgenoemde neigings die jare 1941-1945 ook nog nie veel verandering gebring het nie[2]. Dat hierdie invloede ook hul stempel op die onderwys van die verskillende middelbare leervakke afgedruk het, volg reeds duidelik uit voorgaande verwysings na die Matrikulasie- en Skooleindleerplanne, en word verder aangetoon in die volgende hoofstukke van hierdie verhandeling in verband met die onderwys van Duits as derde taal.

---

1. Malan: "Expansion of Secondary Education in South Africa" in ...."Educational Yearbook 1930", bl. 482.

2. Departement van Onderwys, O.V.S.: "Rapport oor die Tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945", bl. 130.